**Hoe moet ons oor protesliedere dink?**

**Chris Jones***

Ons vier op 24 September Erfenisdag in Suid-Afrika om die ryke tapisserie van mense, tale en kulture te vier wat ons pragtige land ons bied.

In die lig van die onlangse opspraak oor Julius Malema se sing van "Kill the Boer, kill the Farmer", wil ek in hierdie artikel op die erfenis van protesliedere, en meer spesifiek op bogenoemde dreun-sang fokus, aangesien dit steeds in die (kollektiewe) weerstandsgeheue van sommiges gehou word.

**Geskiedenis**
Om protesliedere te verstaan, moet ons na die geskiedenis daarvan kyk.

Slagspreuke en liedere het gedurende die anti-apartheidstryd in feitlik alle sektore van ons samelewing ontstaan. Dit sluit ook die kerk in. Verskeie struggle-liedere word vandag nog in Suid-Afrika gesing – veral tydens protesoptogte oor dienslewering, by begrafnisse van sekere politieke leiers en by vieringe van sekere gebeure uit die verlede.

Mense het in 2001 die volgende by Govan Mbeki se begrafnis gesing: "Go well Mkhonto (Spear of the Nation), Mkhonto WeSizwe, We the soldiers of Mkhonto, Are determined to kill the Boers." By hierdie geleentheid het 'n vooraanstaande ANC-amptenaar opgestaan en verduidelik dat hierdie lied se laaste twee reëls vervang moet word met: "Ons, die soldate van Mkhonto is vasbeslote om met die Boere te werk of saam te werk."

Die eertydse president van die Nasionale Unie van Mynwerkers, Cedric Gcina, het die volgende hieroor gesê: "Die sing van die lied ter nagedagtenis aan gevalle lede was nie 'n begeerte om boere dood te maak nie. Struggle-liedere is deel van ons geskiedenis en erfenis. Revolusionêre liedjies speel steeds 'n belangrike rol ... Daarom kan mense nie howe gebruik om ons herinneringe uit te wis en ons revolusionêre aktivisme te demobiliseer deur struggle-liedere te verbied nie." …

**Betekenis**
So, hoe moet ons oor protesliedjies dink?

Navorser Vuyisile Msila voer aan dat stryd- of vryheidsliedere oor geskiedenis en erfenis handel. Oor kultuur en identiteit. Dit dra by tot 'n bepaalde historiese narratief. Volgens Msila het "die vryheidslied die lewende, mondelinge 'historikus' geword wat die verlede vertel". Die sing en hoor van hierdie liedjies herinner mense aan 'n wrede tyd in Suid-Afrika, maar dit moet mense ook steeds inspireer om demokrasie te omhels en te koester. Ons kan dit nie ignoreer as ons diep wil nadink oor versoening en die oorwinning oor apartheid nie.

Dit was die psigiese drade wat die vryheidsbewegings in 'n "tapisserie van doel, solidariteit, hoop en moed" ingeweef het om die woorde van die Amerikaanse burgerregte-aktivis Bruce Hartford te gebruik. Hartford het verder gesê: "Vryheidsbewegings was nog altyd sangbewegings." …

**Konteks**
Wanneer ons oor struggle- en vryheidsliedere praat, moet ons nie die belangrikheid van konteks vergeet nie.

Wanneer mense vandag – byna 30 jaar ná demokrasie – nog steeds onreg ervaar, gebruik hulle hierdie protesliedjies as 'n potensiële "wapen". Protesliedere sal (waarskynlik) altyd gesing word – ook binne ons huidige konteks.

Daarom is dit problematies wanneer mense bloot sekere protesliedjies aan haatspraak wil gelykstel. Natuurlik kan haatspraak nie in ’n demokratiese Suid-Afrika geduld word nie, maar ons moet dit baie versigtig en uiters kontekstueel hanteer.

Daar is ook ’n verskil tussen vryheidsliedere wat sosiale geregtigheid gebring het, en liedere wat die geskiedenis van die onderdrukker wil versterk. Msila sê liedjies wat byvoorbeeld apartheid en Nazisme (sou) vier, kan nooit aan vryheidsliedere gelykgestel word nie.

**Wet op Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie**
Wat maak ons dan met “Kill the Boer, Kill the Farmer”, die “kwetsende” liedjie wat van tyd tot tyd opduik. Artikel 15 van die Gelykheidswet van 2000 (Wet 4 van 2000), wat deur die Gelykheidshof hanteer moet word en waarvolgens ons hierdie lied moet beoordeel, stel dit uitdruklik dat haatspraak nooit regverdig kan wees nie.

Daar is egter ingevolge hierdie wet wel uitsonderings: “Woorde wat normaalweg as haatspraak beskou word, mag geuiter word, maar slegs indien dit binne die konteks van ‘bona fide’ betrokkenheid by artistieke kreatiwiteit, akademiese en wetenskaplike ondersoek, billike en akkurate verslaggewing in die openbare belang of publikasie van enige inligting, advertensie of kennisgewing voorkom in ooreenstemming met artikel 16 van die Grondwet.”

Met ander woorde, wanneer “Kill the Boer” in die konteks van byvoorbeeld ’n protesoptog oor misdaad, veral plaasmisdade en -moorde, of op politieke vergaderings gebruik word, sal die gelykheidshof moet duidelikheid moet gee oor of enige van hierdie verwere moontlik van toepassing kan wees.

Die punt is dat ’n lied soos “Kill the Boer” waarskynlik nie heeltemal deur ’n hof verbied kan word nie, aangesien die Gelykheidswet binne sekere kontekste wel sekere verweer teen ’n klag van haatspraak – en gevolglik die gebruik van die woorde “Kill the Boer” – skep.

Dit is ongelukkig die prys van demokrasie – of die aard van die soort demokrasie wat ons in Suid-Afrika probeer vestig. ’n Demokrasie gebou op aanspreeklikheid – om weg te beweeg van ’n kultuur van “omdat ek so sê”" (flagrante magsuitoefening) na ’n kultuur van verantwoordbaarheid en die verskaffing van redes (“owning up”) oor besluite. Oortuigend eerder as afdwingend.

Met dít alles gesê, wonder ek al hoe meer of die “oplossing” vir hierdie kwessie werklik by die howe lê, hoewel daar aan albei kante van hierdie saak goeie advokate met oortuigende argumente is.

Lê die oplossing nie in robuuste gesprekvoering tussen burgers oor wat in die huidige Suid-Afrikaanse konteks toepaslik, aanvaarbaar en konstruktief is en wat nie, soos oudpresident Thabo Mbeki tereg onlangs wou uitwys toe hy gesê het “Kill the Boer” behoort nie meer in postapartheid-Suid-Afrika gesing te word nie?

Taal skep werklikheid soos die Duitse filosoof Martin Heidegger daarop wys – en mag ek byvoeg, veral vir diegene wat woorde letterlik opneem. “Taal is die huis van Wees. In daardie huis woon die mens. Diegene wat dink en diegene wat met woorde skep, is die voogde van daardie huis.”

Taal, musiek, liedjies en poësie dra onder meer alles by tot die vestiging van hierdie huis van wees. Watter soort voogde en Suid-Afrika wil ons hê? Dit moet op ’n demokratiese manier deur die burgers van hierdie land uitbaklei word.

Intussen kan die howe leiding gee soos hulle goeddink.

**Dr Chris Jones is die hoofnavorser in die Departement Sistematiese Teologie en Ekklesiologie en die hoof van die Eenheid vir Morele Leierskap by die Universiteit Stellenbosch.*